**Erediens:** 19 Maart 2023

**Sleutelteks:** Efesiërs 5:8-14

**Tema:** Die keuses wat ons maak

# 1. Woordbediening – Conrad Pienaar (BTh Student / Legitimasiebaan – Diensleraar)

## 1.1. Voorwoord

Ons tema vanoggend is: "Die keuses wat ons maak". Ons skrifgedeelte kom uit Efesiërs 5:8-14. ʼn Keuse is ʼn daad of handeling om van te kies. Die lewe is vol keuses, party is maklik om te maak en ander weer moeilik. Ons keuses bepaal nie net ons daaglikse lewe nie, maar beinvloed ook ons toekoms, ons menswees. Vanoggend het ons as gemeente die voorreg om deel te wees van Stephan en Lorencia De Beer se keuse as gelowiges om vir klein SJ te doop. Die doop dien as ʼn teken of te wel 'n versekering dat God ons gekies het. Om die doop te behartig, vra ek vir Ds Ben Fourie om na vore te kom.

## 1.2. Kindermoment

Ons gebruik afstandbeheerder (remote) om kanale te verander op TV, byvoorbeeld DSTV, NETFLIX of dalk SHOWMAX. Elke keer wanneer ons ʼn knoppie druk het ons ʼn keuse van wat ons wil kyk op TV. Met die druk van die knoppie stuur die afstandbeheerder ʼn liggie na die TV wat jy nie kan sien met die blote oog nie. Jy weet die liggie is daar, maar slegs deur die gebruik van ʼn kamera (selfoon of webcam) kan jy die liggie sien – as jy die knoppie druk en direk wys na die kamera.

So kan ons ook nie noodwendig vir Jesus sien nie, maar ons weet hy is daar en sy lig skyn in ons lewens elke dag in al die keuses wat ons maak. Vanoggend se doop is ook die versekering dat God vir ons gekies het. Die belangrikste keuse wat ons wel moet maak in die lewe is om vir God te kies, om toe te laat dat die Here elke dag in ons lewens teenwoordig is in al die keuses wat ons maak. Keuses soos om reg op te tree, te luister, die waarheid te praat en lief te wees vir

jou familie en vriende soos wat Jesus lief is vir jou. Met die hulp van die Bybel, jul ouers en mede-gelowiges, kan ons meer leer oor Jesus, kan ons in gebed met Hom gesels en kan Hy ons help om die regte keuses te maak in die lewe.

Julle (kinders), het elkeen het nou ’n keuse van ’n prente wat jul rustig kan inkleur by jul ouers in die kerkbanke, terwyl ek voortgaan met die woordbediening. As jul klaar die prentjie ingekleur het, bring asb. die kruite terug en kom kies iets uit hierdie sak.

**1.3. Skrifgedeelte / Preek**

Kom ons maak ons Bybels oop by Efesiërs 5:8-14.

8. Vroeër was julle die ene **duisternis**, maar nou in die Here is julle **lig**. Leef dan as **mense van die lig**.
9. Uit die lig kom alles voort wat **goed en reg en waar** is.
10. **Vra julle voortdurend** af of iets vir die **Here aanneemlik is**,
11. en **moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie**, maar stel dit eerder aan die kaak.
12. Dit is 'n skande om selfs te praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen.
13. Maar alles word aan die kaak gestel wanneer die **lig daarop val**.
14. En as iets bekend geword het, is dit in **die lig**. Daarom sê die lied: **“Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig.”**

### 1.3.1. Agtergrond

Volgens Efesiërs een, het Paulus die Apostel ŉ omsendbrief gerig aan verskeie gemeentes in Klein Asië waaronder die gemeente in Efese. Baie van Paulus se briewe was geskryf gewees terwyl hy onder huis arres was in Rome as gevolg van sy geloof. Tenspyte van Paulus se uitdagende omstandighede, kies Hy nogsteeds om vir Jesus te volg en self vir Hom te sterf. Paulus skryf die brief om gelowiges aan te moedig om te volhard in geloof ongeag die moeilike en uitdagende samelewing waarin hulle lewe.

In ons skrifgedeelte, lees ons van Paulus wat vir die gelowiges in Efese waarsku oor die duisternis, die verkeerde keuses. Die duisternis waarna hy hier verwys is die sonde. Efese was bekend vir heidennasies en sondige praktyke waar onder andere afgodery, losbandigheid, geweld, dronkenskap, gierigheid en goddeloosheid aan die order van die dag was. Paulus waarsku gelowiges om die lig, Christus te volg en die regte keuses te maak wat sal toelaat dat die lig, Christus skyn op hierdie vrugtelose praktyke wat in die duisternis gedoen word.

### 1.3.2 Lewensfases

Net soos gelowiges in Efese, het die Here ons elkeen uniek geskape met ‘n vrye wil om keuses te maak, keuses soos vers tien se, wat aanneemlik is vir Hom. Die keuses wat ons daagliks maak, weerspieël nie net ons waarde stelsel nie, maar ook ons geloof. Ons lewe is opgedeel in verskillende fases, waar ons keuses moet maak gebaseer op ons omstandighede. As kind maak ons keuses van wie my vriende gaan wees, watter tv programme ek kyk, watter sport ek gaan doen en watter vakke ek moet neem, sodat ek kan gaan studeer na skool. Ken die Here in jou keuses. As tiener of jongmens moet ek die keuse maak van wat ek gaan studeer of watter werk ek gaan doen. Dit gese, moet ek ook keuses maak rakende my finansies en of my maat die regte persoon is om mee te trou. Ken die Here in jou keuses. As getroude paartjie moet ons saam besluit oor ons

toekoms, soos byvoorbeeld om ’n huis koop en geld belê vir aftrede en, as die Here ons seën, hoeveel kinders ons kan bekostig. As ’n familie moet ons ook keuses maak, soos om meer tyd saam met mekaar te spandeer, daar te wees vir mekaar in goeie maar ook slegte tye en ten alle tye eerlik en opreg te wees teenoor mekaar. Ken die Here in jou keuses. Ons kom ook op ’n stadium in ons lewens waar die langverwagte aftrede ’n werklikheid word en waar ons keuses moet maak oor ons finansies, ons motors en dalk die huis waarin ons bly. Ons keuses kom soms eenvoudig voor, maar van hulle kan lewensveranderende wees, aangesien dit nie net my raak nie, maar ook my familie.

### 1.3.3. Die verkeerde keuses

In alles wat jy doen, moet jy ’n keuse maak, soms maak jy die verkeerde keuse en dan voel dit vir of jy in die duisternis is, maar dis daardie oomblik wat jy moet stil raak en besef dat die Here is by jou ongeag jou keuse. Die Here is by jou in die duisternis, verkeerde keuses, hy dra jou in tye van swakheid en hy laat sy Lig skyn op die donker paaie. Jy moet net bereid wees om jou geestelike oë oop te maak om die Lig te sien, want die lig ontmasker die duisternis. Soos vers veertien se: “Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood, *die sonde* en Christus sal jou lewe verlig”.

### 1.3.4. Die Regte/Enigste Keuse

Die grootste keuse wat ons ooit in ons lewens kan maak soos gelowiges in Efese is om Jesus, die Lig te volg ongeag ons omstandighede, want in sy lig bly ek weg van die duisternis, die verkeerde keuses.

Stephan Joubert, ’n teoloog soms dit mooi op wat dit beteken om Jesus te volg:

Om te buig is een ding …

Om te volg, is iets heeltemal anders.

Om voor die Here te buig vra ’n kniebuiging …

Om Hom te volg, vra ’n totale koersverandering van jou ganse lewe.

Om voor die Here te buig is ’n verklaring …
Om Hom te volg, is ’n voltydse manier van leef.
Om voor die Here te buig vra ’n oomblik of twee van jou tyd …
Om Hom te volg, vra toegeweide tyd.
Om voor die Here te buig sê jy dat jy Sy almag erken …
Om Hom te volg, sê dat jy Sy wil soek in elke gedagte, elke woord en elke keuse wat jy maak.
Om voor die Here te buig, is om te verklaar dat Hy presies dit is …
Hy is die Een wat jy as jou enigste God erken.
Om Hom te volg, is om elke dag jou kruis op te tel en agter Christus, as ons Here, aan te stap.
Om te buig, is om met jou lyf ’n belydenis te maak en Hom te aanbid …
Om te volg is om met jou hele lewe ’n getuie te wees.
Om voor die Here te buig, is om voor en teenoor andere ’n publieke stelling te maak …
Om Hom te volg, is om jou belydenis elke dag te beliggaam.
Om voor die Here te buig, kom maklik …
Om Hom lewenslank te volg, vra toewyding, gehoorsaamheid en opoffering.

**1.3.5. Ons keuses saam met Jesus**

Om Jesus te volg is nie altyd maklik nie, as mens twyfel ons soms in dit wat ons nie kan beheer nie, maar laat toe dat die lig deur die kragtige werking van die Heilige Gees in jou lewe skyn. As volgelinge hoef ons nie te vrees nie, want ons lewe in die lig. Soos vers ag se ons is dan mense of te wel kinders van die lig. Om te lewe in die lig beteken om tyd te maak vir jou eie verhouding met die Here. Om stiltetyd saam met die Here ʼn daaglikse prioriteit te maak en te lees uit sy woord, die Bybel en te bid oor die keuses wat jy moet maak. Elkeen van ons het iewers ʼn keuse om oor na te dink en te bid. Kom ons word stil in die

Here se teenwoordigheid. Dra die keuse op aan die Here en maak jou hart oop om sy stem te hoor. Ek gee ŉ geleentheid vir stil gebed.

**2. Gebed**

Almatige God, ons leef in ŉ wêreld, ŉ land, waar ons elke dag moeilike keuses moet maak. Keuses wat nie net onsself beïnvloed nie maar ook ons families, vriende en kollegas. Gee vir ons die wysheid en insig om die regte keuses te maak. Keuses wat aanneemlik is vir U. Laat ons nie deelneem aan praktyke van die duisternis nie, maar verlig ons lewens as kinders van die Lig, Christus. Laat ons met goedheid, geregtheid en waarheid die lewenspad aandurf deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Mag ons as mense, kinders van die Lig, ŉ voorbeeld wees vir ander, hetsy dit by die huis, skool of werk is. Mag U ons lewens so verlig dat ons as gelowiges U liefde en genade sal ervaar in elke keuse wat ons maak. Amen.